

17 April 1 Korintiërs 15:1-34

(Teks: 1 Korintiërs 15:19 en 20)

Niks tevergeefs nie

Het jy al vir jouself uitgewerk wat beteken *tevergeefs*? Veral as dit van 'n mens se lewe gesê moet word? Woorde kan vergeefsheid nie beskryf nie. *"Alles tevergeefs, alles kom tot niks!"*

Hoe bedreig vergeefsheid nie ons omwêreld nie! Sekere mense in die gemeente van Korinte het verkondig dat daar nie so iets is soos die opstanding van die dooies nie. Hulle het geglo dat die mens se lewe ses voet onder die kluite eindig. Hoe tevergeefs! *"As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig is ons die bejammerenswaardigste van alle mense."*

Teenoor hierdie nutteloosheid en tevergeefsheid staan die opstanding van Christus uit die dood. *Maar nou...* Daar het 'n diepgaande, grondige verandering ingetree.

Maar nou, Christus is opgewek. Hy is die eersteling van die wat gesterf het. Hy het ons vooruitgegaan en sal ons ook kom haal na waar Hy is.

En Christus se opstanding keer ons hele lewe om. Wat eers onderstebo was word nou regop gesit. Wat eers donker was word nou lig. Wat eers tevergeefs was word nou sinvol. Wat verganklik was word onverganklik.

God gee ons die oorwinning oor die ewige vergeefsheid deur die opstanding van Jesus Christus.

"Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.

Dood, waar is jou oorwinning?

Dood, waar is jou angel?"

Niks is tevergeefs nie! Christus leef!

Sing Skrifberyming 24:1 en 7

Ds. P.B. de Klerk (Stilfontein)